No. R. 884 5 Mei 1988

WET OP DIERESIEKTES, 1984 (WET 35 VAN 1984)

DIERESIEKTEREGULASIES.—WYSIGING

Die Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou kragtens artikel 31 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984), het die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Bylae beteken "die Dieresiekteregulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2026 van 26 September 1986 (soos verbeter by Goewermentskennisgewing R. 2208 van 24 Oktober 1986), soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 266 van 13 Februarie 1987 en R. 2343 van 16 Oktober 1987.

*Wysiging van regulasie 19 van die Dieresiekteregulasies*

2. Regulasie 19 van die Diereregulasies word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg:

"(3) Wanneer buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste op grond gevind word wat nie geregistreer is soos in regulasie 20A beoog nie, moet die verantwoordelike persoon van daardie grond onverwyld die vind daarvan by die verantwoordelike Staatsveearts aanmeld.".

*Wysiging van regulasie 20 van die Dieresiekteregulasies*

3. Regulasie 20 van die Dieresiekteregulasies word hierby gewysig deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) 'n Permit in subregulasie (1) bedoel, vir die beweging of verwydering van buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste word slegs uitgereik indien die grond waarheen en die grond waarvandaan daardie buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste beweeg of verwyder sal word, geregistreer is soos 'n regulasie 20A beoog.".

No. R. 884 5 May 1988

ANIMAL DISEASES ACT, 1984 (ACT 35 OF 1984)

ANIMAL DISEASES REGULATIONS.—AMENDMENT

The Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture under section 31 of the Animal Diseases Act, 1984 (Act 35 of 1984), has made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

*Definition*

1. In this Schedule "the Animal Diseases Regulations" means the regulations published by Government Notice R. 2026 of 26 September 1986 (as corrected by Government Notice R. 2208 of 24 October 1986), as amended by the regulations published by Government Notices R. 266 of 13 February 1987 and R. 2343 of 16 October 1987.

*Amendment of regulation 19 of the Animal Diseases Regulations*

2. Regulation 19 of the Animal Diseases Regulations is hereby amended by the addition of the following subregulation:

"(3) When buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest are found on land which is not registered as contemplated in regulation 20A, the responsible person of that land shall forthwith report the finding thereof to the responsible State Veterinarian.".

*Amendment of regulation 20 of the Animal Diseases Regulations*

3. Regulation 20 of the Animal Diseases Regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) A permit referred to in subregulation (1) for the movement or removal of buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest shall be issued only if the land to which and the land from which those buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest are to be moved or removed are registered as contemplated in regulation 20A.".

*Invoeging van regulasie 20A van die Dieresiekteregulasies*

4. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 20 van die Dieresiekteregulasie ingevoeg:

*"Aanhouding van sekere wild* [9 (2) (a)]

20A. (1) Elke verantwoordelike persoon van grond waarop buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste aangehou word of sal word, moet die betrokke grond vir dié doel by die direkteur registreer.

(2) 'n Aansoek om die registrasie van 'n stuk grond soos in subregulasie (1) beoog, moet—

(a) deur die verantwoordelike persoon van die betrokke grond gedoen word; en

(b) op die toepaslike vorm gedoen word wat by die verantwoordelike Staatsveearts verkrygbaar is.

(3) 'n Stuk grond word slegs geregistreer soos in subregulasie (1) beoog indien daardie grond volgens die vereistes van die natuurbewaringsowerheid van die betrokke provinsie wildwerend vir buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste omhein is en, in die geval van grond wat binne 'n beheerde gebied met betrekking tot bek- en klouseer of korridosiekte (buffelsiekte) geleë is en waarop buffels aangehou word of sal word, daardie heining geëlektrifiseer is.

(4) Indien buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste op (datum gespesifiseer te word) op grond teenwoordig was, moet—

(a) 'n aansoek om die registrasie van daardie grond binne drie maande na voormelde datum gedoen word op die wyse in subregulasie (2) uiteengesit; en

(b) sodanige aansoek vergesel gaan van 'n verklaring deur die natuurbewaringsowerheid van die betrokke provinsie dat—

(i) buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste, na gelang van die geval, voor of op voormelde datum op die betrokke grond teenwoordig was; en

(ii) die betrokke grond omhein is soos in subregulasie (3) beoog.

(5) Indien die direkteur 'n aansoek wat ingevolge hierdie regulasie gedoen is goedkeur, reik hy 'n registrasiesertifikaat aan die betrokke verantwoordelike persoon uit.

(6) So 'n registrasiesertifikaat—

(a) verval wanneer diere van die betrokke spesie nie meer op die betrokke grond aangehou word nie;

(b) kan ingetrek word indien die houer daarvan—

(i) 'n voorwaarde oortree waaronder sodanige registrasiesertifikaat aan hom uitgereik is; of

(ii) skuldig bevind is aan 'n misdryf kragtens die Wet; en

(c) is nie oordraagbaar na ander grond nie.

(7) Buffels, blouwildebeeste of swartwildebeeste wat op grond voorkom wat nie ingevolge hierdie regulasie geregistreer is nie, word ooreenkomstig die bepalings van artikel 17 van die Wet mee gehandel.

*Wysiging van regulasie 26 van die Dieresiekteregulasies*

3. Regulasie 26 van die Dieresiekteregulasies word hierby gewysig, deur in subregulasie (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"26. (1) Wanneer 'n beheerde dieresiekte in 'n gebied anders as 'n beheerde gebied voorkom, of wanneer 'n beheermaatreël vir 'n bepaalde gebied voorgeskryf word, moet 'n bekendmaking deur die direkteur ingevolge artikel 9 (1) (c) van die Wet, gedoen word deur middel van—".

*Insertion of reguilation 20A of the Animal Diseases Regulation*

4. The following regulation is hereby inserted after regulation 20 of the Animal Desease Regulation:

*"Keeping of certain game* [9 (2) (a)]

20A. (1) Each responsible person of land on which buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest are kept or are to be kept shall register such land for this purpose with the director.

(2) An application for the registration of a piece of land as contemplated in subregulation (1) shall—

(a) be made by the responsible person of the land concerned; and

(b) be made on the applicable form which is obtainable from the responsible State Veterinarian.

(3) A piece of land shall be registered as contemplated in subregulation (1) only if that land is fenced in a game proof manner for buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest according to the requirements of the nature conservation authority of the province concerned and, in the case of land which is situated within a controlled area with regard to foot and mouth disease or corridor disease (buffalo disease) and on which buffaloes are kept or are to be kept, that fence is electrified.

(4) If buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest are present on land on (date to be specified)—

(a) an application for the registration of that land shall be made in the manner set out in subregulation (2) within three months of the said date; and

(b) such application shall be accompanied by a statement by the nature conservation authority of the province concerned that—

(i) buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest, as the case may be, were present on the land concerned on or before the said date; and

(ii) the land concerned is fenced as contemplated in subregulation (3).

(5) If the director approves an application made in terms of this regulation, he shall issue a certificate of registration to the responsible person concerned.

(6) Such certificate of registration—

(a) shall lapse when animals of the species concerned are no longer kept on the land concerned;

(b) may be withdrawn if the holder thereof—

(i) contravenes a condition whereunder such certificate of registration was issued to him; or

(ii) is convicted of an offence under the Act; and

(c) shall not be transferable to other land.

(7) Buffaloes, blue wildebeest or black wildebeest that occur on land not registered in terms of this regulation shall be dealt with in accordance with the provisions of section 17 of the Act.

*Amendment of regulation 26 of the Animal Diseases Regulations*

3. Regulation 26 of the Animal Diseases Regulations is hereby amended by the substitution in subregulation (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"26. (1) When a controlled animal disease occurs in an area other than a controlled area, or when a control measure is prescribed for a particular area, a notification by the director in terms of section 9 (1) (c) of the Act shall be done by means of—".